

BENODIGDHEDE: Ongeveer 50 g écru DMC Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

MATE: Ongeveer 20 x 21 cm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek (steke); sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; osk – oop skulp; p(s) – picot(s); vlg – volgende.

Spasie: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi.

Laset: 1e ry: 1lb om te begin; *5ks, slaan 5 ste oor, 1lb in vlg lb om onderste helfte van laset te voltooi.

2e ry: 1lb in lb, *3ks, 1kb in middel van 5ks-sp, 3 ks, 1lb in lb.

Oop skulp: (4lb, 3ks, 4lb) in dieselfde steek of spasie.

Picot: 3ks, gs in 1e van 3ks.

MIDDELSTUK: Word in rye gehekel.

Begin met 153ks; draai; 1lb in 8e ks vanaf hekelpen; raadpleeg verder diagram.

Draai altyd met 5ks, en voltooi middelstuk volgens diagram.

Draai, wanneer laaste ry voltooi is, soos gewoonlik maar moenie die gare afknip nie.

OMRANDING: Word in rondtes gehekel.

1e rondte: *(4lb in vlg sp, 2ks) tot vlg hoek; 1osk in hoek-sp; herh tot einde, gs in 1e lb.


2e-8e rondte: *(4lb in vlg sp, 2ks, slaan 2 ste oor) tot vlg hoek; 1osk in hoek-osk; herh van * tot einde.

9e rondte: *(2lb, 1p, 2lb) in 2ks-sp, 2ks, herh tot vlg hoek; (4lb, 1p, 4lb) in hoek-sp; herh van * tot einde, eindig met gs in 1e lb.


Knip gare af en werk netjies af. ●

DIAGRAM VIR ROOSLAPPIE

□ – spasie ☒ – blokkie ☒ – laset



Versamelstuk



**HEKEL 'N
ROOSLAPPIE**